HESSEQUA municipality munisipaliteit
NEWSLETTER / NUUSBRIEF

Issue / Uitgawe: 6
January / Januarie 2012

Burgemeestersboodskap / Mayoral Message

Beste Inwoner

Ek vertrou almal is uitgerus en gemotiveerd vir 'n suksesvolle jaar.

Ons is tans in die proses om 'n konsep-begroting daar te stel vir 2012/13, geen maklike taak nie. U insette in hierdie verband sal binnekort gevra word tydens die Burgemeestersuitreik vergaderings.
Hierdie is 'n jaar waarin daar slegs op die heel noodsaaklikste gekonsentreer sal kan word, geen plek vir wenslyste nie. Ons gaan daarop konsentreer om dienste op te knap en te verbeter waar noodsaaklik. Daar sal moontlik 'n nuwe benadering wees t.o.v. 'n toekenning per wyk wat deur die wykskomitee geïdentifiseer en aangewend kan word. Meer hieroor nadat die konsep-begroting afgehandel is.

Sterkte aan leerders, studente en besighede vir die komende jaar. Mag u voorspoed beleef.

Emor Nel
Uitvoerende Burgemeester

Dear Residents

I trust that everyone has returned rested and envigoured for the new year.

We are currently in the process of preparing a draft-budget for 2012/13. This is a challenging task. We will concentrate on the most essential services, there is no place 'for nice to haves'. The Mayoral Outreach Meetings will be held shortly where the draft will be made public and your input be requested. There is a new approach whereby a ward will identify a project and the ward committee be part of the delivery thereof. We will give more information regarding this at a later stage

My best wishes to all students and businesses for the coming year. May you experience a prosperous and successful year.

Emor Nel
Executive Mayor

Heidelberg Toetsstasie

Op 10 Nov. 2011 is 'n vergadering op aanvraag van 'n aantal belanghebbendes gehou waar kommer uitgespreek is oor die impak van die sluiting van die toetsstasie op Heidelberg en sy gemeenskap.

Die aanvanklike 2010 besluit om die toetsstasie te sluit was suiwer om finansiële redes geneem aangesien die toetsstasie opgegradeer moet word om aan die vereistes van 'n A-Graad Toetsstasie te voldoen. Die samespreking met die Departement Vervoer bring 'n verbeterde befondsingsmodel na vore en die Departement sal moontlik ook die opgradering finansier.
Heidelberg Toetsstasie sal oop bly tot 30 Mei 2012 en die perseel sal op 'n maandelikse basis van Eden Distriksmunisipaliteit gehuur word.

Advancing Service Improvement in Local Government

Local Governments are mandated to provide a range of basic services, including water; sanitation; transport; electricity; recreation; and safety & security and many others. They must demonstrate accountability, transparency and should progressively be working towards the realisation of constitutional rights.

Delivering on the local government mandate is an enormous challenge which requires continuous learning and development. Communities increasingly demand that Local Governments are accountable to them and that they provide quality information regarding the provision of services.

To assist local governments to deliver services in a transparent manner, SALGA in co-operation with the P3 Project trained officials from 17 municipalities to champion and implement Service Improvement Tools. Messrs. JS Smit and A Kleynhans from Hessequa Municipality attended this training.

In brief, the Service Improvement Tool presents methods which enable municipalities to:

- Assess and evaluate their policies and operating procedures;
- Set service standards related to quality, time and quantity of services;
- Identify where internal processes can be improved to impact delivery standards;
- Promote the human resources of the municipality as its greatest asset; and
- Provide methods to manage change brought on by service improvement.

The emphasis of the tool is to keep the citizens' expectations and needs at the forefront of municipal actions and to enhance predictability for the users of municipal services.

At the end of the four day training participants were equipped to lead Service Improvement programmes in municipalities.

HESSEQUA tourism
where fun in the sun never ends

Hessequa Tourism Events 2012 / Hessequa Toerisme Geleenthede 2012

Agricultural Show	15 -18 Feb 2012
Oakdale Acre Festival	16 - 20 May 2012
Ratem Eisteddfod	27 - 30 Aug 2012
Hessequa Nature & Arts Festival	06 - 09 Sept 2012

Solar Energy

The Hessequa Municipality has already taken bold steps to ensure that they remain a pioneer of energy efficiency. They were the first municipality in SA to install solar water geysers for low cost housing in 2008 and have just received the award for Energy efficiency and Engery conservation at the Western Cape Greenest Municipality Awards ceremony in Oct. 2011.

The municipality is one of the few in the country to have retained a power producer's licence. The Riversdale power station still runs three vintage diesel generators which are used as back-up power source for the town.

Establishing renewable energy projects on municipal property has been identified by council in 2007 as one of the primary mechanisms through which the Hessequa Municipality will seek to reduce their carbon footprint. This project paves the way for council to achieve its stated goal of being energy and carbon neutral by 2020.

On the 15th of Nov. 2011 the Hessequa Municipality started feeding "green" solar power into the national grid. The project is a 33kW PV Solar Project located at the Riversdale water works next to the N2. The project has the potential to be expanded to a 5mW project. The municipality owns the asset and it will be financed with grand funding from the Department of Energy.

The municipality now has the potential to generate income to offset the rising cost of electricity as it is able to sell renewable energy at a higher tariff to The Single Buyer Office, than the tariff at which it purchases energy from ESKOM.

With the launching of this project, the Hessequa Municipality is pioneering the concept that municipalities be responsible for putting measures in place to combat climate change and meet the energy needs of its residents.

Burgemeestersuitreik Vergaderings 2012 / Mayoral Outreach Meetings 2012

Januarie / January 2012	April / April 2012	Augustus / August 2012	November / November 2012
Do/Thu 19	Wo/Wed 11	Wo/Wed 15	Wo/Wed 14
Ma/Mo 23	Do/Thu 12	Do/Thu 16	Do/Thu 15
Wo/Wed 25	Di/Tue 17	Ma/Mo 20	Mo/Ma 19
Do/Thu 26	Wo/We 18	Di/tue 21	Di/Tue 20
	Do/Thu 19	Wo/Wed 22	Wo/Wed 21

Reserwes

Na aanleiding van 'n artikel oor reserwes gepubliseer in 'n plaaslike koerant het die Raad dit goed gedink om te bevestig dat die reserwes van die Raad op 30 Junie 2011 R498 miljoen was. Die kontantgedeelte van die reserwes is R52 miljoen. Die ontstaan van die reserwes is nie as gevolg van te hoë tariewe wat verhaal is nie, maar wel die aanvanklike implementering van IMFO standaarde na GAMAP/GRAP standaarde, asook die implementering van GRAP 17 wat handel oor "Property, Plant & Equipment".

Kredietbeheer

Geweldige finansiële druk word op die munisipaliteit geplaas as gevolg van diensterekeninge wat nie gereeld deur verbruikers betaal word nie.

U word vriendelik daaraan herinner om van die munisipaliteit se betaalmetodes, bv. kontant, tjeks, ACB debietorders, direkte / internetbetalings gebruik te maak om te voorkom dat dienste as gevolg van kredietbeheer gesny of gestaak word.

Indien dienstegelde agterstallig is, kan u in terme van die beleid insake kredietbeheer afbetalingsooreenkomste met die munisipaliteit sluit om ook die ongerief van dienste wat gesny word, uit te skakel.

Kredietbeheer gaan streng toegepas word indien u nie u verpligtinge teenoor die munisipaliteit nakom nie.

Tans is die munisipaliteit in die proses om sy 2012/2013 Begrotingsverwante Beleide tesame met die vasstelling van tariewe te werkswinkel sodat dit in konsepformaat later gepubliseer sal word vir verdere insette.

Ongekwalifiseerde Ouditverslag

Hessequa Munisipaliteit het vir die derde agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang. Die volgende drie "beklemtoning van sake" verskyn op die verslag:

1. Herstatering van vergelykende syfers – herstatering is a.g.v. volledige implementering van GRAP 17 en regstellings t.o.v. 'n B.T.W.-ondersoek en Appèlraad beslissings.
2. Wesenlike verliese – Ou infrastruktuur veroorsaak dat distribusie verliese groter as die norm van 12% is.
3. Wesenlike onderspandering van kapitaalbegroting – 'n Uitstaande omgewings-impakstudie vir Slangrivier rioolwerke en 'n landswye tekort aan bitumen het bygedra tot die onderspandering op strate en rioolwerke.

Hessequa stel hulle eie finansiële state op, dit terwyl hulle nie 'n afdeling het wat spesifiek daaraan toegewys is nie. Daar word van 'n konsultant gebruik gemaak om die state na te gaan vir korrektheid voordat dit aan die Ouditeur-Generaal voorsien word.

Indien u enige aangeleentheid onder ons aandag wil bring, kontak die munisipaliteit by die volgende nommers / For any enquiries or assistance, please contact the municipality at the following numbers:

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE

Riversdal
Tel: 028 713 8000
Faks: 028 713 3146
info@hessequa.gov.za
www.hessequa.gov.za

STREEKKANTORE / REGIONAL OFFICES

Albertinia
Tel: 028 735 8000

Heidelberg
Tel: 028 722 8100

Stilbaai
Tel: 028 754 6000

Gouritsmond
Tel: 028 745 3129

Slangrivier
Tel: 028 722 2503

HESSEQUA TOERISME
Tel: 028 713 8071
www.hessequa.net